



## **In hierdie uitgawe:**

- ◆ *Woord deur die Voorsitter* p1
  - ◆ *Kripvretende kaders se korrupsie* p4
  - ◆ *Die krag van Vryheid* p5
  - ◆ *Nasionale dialoog - soeke na konsensus* p7
  - ◆ *Kom ons wees deurdag in optrede en uitsprake* p9
  - ◆ *Brokkies en geleenthede* p10
- ◆ *Ons woel met rolspelers en aksies* ◆ *Muur van herinnering*
- ◆ *AB - 99 jaar* ◆

## **Woord deur die voorsitter**

**Deur Jaco Schoeman**  
**Voorsitter van die Nasionale Raad**

Die Afrikaner skroom nie om te trek nie. In 'n onlangse skrywe van Prof Andre Duvenhage aan die Afrikanerbond verwys hy na "verder trek of laer trek." 'n Goeie Afrikaner vriend van my, met 'n veel korter humeur verseker my van nog 'n trek, net voordat hy heeltemal sy humeur verloor, wat volgens hom ook 'n genetiese trek mag wees.

Dit is opmerklik dat vryheid, of die drang na vryheid, in die geval van die Afrikaner dikwels die motivering is om te trek. Die mens se begeerte om te trek kan nage-spoor word tot in Exodus toe die Israeliete gevlug het weens die onderdrukking wat hulle in Egipte ervaar het. So kan die drang na Vryheid ook gevind word tydens die Groot Trek, die Dorslandtrek en is die afstand van die trekke, selfs ook die een in Exodus net onder die 2000 km. In die soeke na vryheid en vasgevang in die kort horisonne van die trek gebeur dit soms dat lank gesoek word na uitkoms, dat visie beperk word, daar in sirkels beweeg word, en is die uitkoms dikwels nie voor die hand liggend nie. Die onsekerheid hiervan is egter meer verkieslik as om in die bedompigheid van ongeregtigheid, onderdrukking en korrupsie te spartel met die sekere wete dat die enigste ander alternatief is om te bly en dan stelselmatig afgetakel te word, versmoor en die uiteinde, om te vergaan en te verdwyn.



Die Israeliete het in 39 jaar en 348 dae, 1600 km getrek. Die totale trek tyd was maar net 17 dae of 400 uur en die totale kamptyd 14 583 ure. Die belangrikste is dus duidelik, gedurende die trek en omswerwing is dit dikwels die loutering, die ontberings en beproewinge en die herontdekking van jou afhanklikheid wat jou geestelik fiks maak om oor hindernisse te kom. Daar is ook dikwels baie ander wat saam met jou wil trek. Duisende nie-Israeliete het saam met die ongeveer 3 miljoen Israeliete uit Egipte getrek en moes hul besny. So ook het groot groepe nie-Afrikaners die Groot Trek en die Dorslandtrek meegemaak en ook dieselfde ontberings en lewensverlies ervaar. Geografiese trekke het in die 20e eeu verander in Trekroetes van emosionele, wilsbesluit, kopskuiwe en kwantum spronge na nuwe horisonne. Die loutering, die herontdekking van onafhanklikheid en die eise

*(Vervolg op p2)*

**As Afrikaners bou ons saam aan  
die toekoms van Suid-Afrika**

## Woord deur die Voorsitter (verv)

van geestelike fiksheid was nie minder nie. Sedert sy ontstaan het die Afrikanerbond ingrypende trekekspedisies vir die Afrikaner gelei.

Sol Schkolne, 'n Jood wie se ouers self in die Joodse Konsentrasie kampe was, het 'n passie gehad vir die Afrikaner en het tydens sy baie besoeke aan my huis in Blouwaterbaai in die Oos-kaap 'n paar persoonlike notas gelaat. Een nota wat wanneer vrylik vertaal as volg lees. "Dit is beter om die kerse van nuwe denke aan te steek as om die donker tye van Apartheid te vervloek. Daar moet 'n nuwe Groot Trek van denke wees deur die valleie van onkunde, oor die berge van dwepery en dale van skynheiligheid na realiteite. Die voertuig is nie gemaak van hout, seil of yster nie en word nie getrek deur die krag van osse nie. Dit trek oor die klowe van vals persepsies en mites en weg van vrees, vooroordeel en magsug na selfversekering, beredenering, deernis en begrip."

**Trek is 'n helende proses. Onnodige bagasie moet afgegooi of agtergelaat word. 'n Opname moet gemaak word van wat onontbeerlik, broodnodig en absoluut noodsaaklik om saam te neem.**

Die stigtingsaktes van die Afrikaner Broederbond gefinaliseer in 1922, vier jaar na sy stigting, is 'n duidelike voorbeeld van 'n nuwe rigting waarin Afrikaners wou gaan en wat die allerbelangrikste, onontbeerlike, noodsaaklikheid was om saam te neem op hierdie trek wat ons vêr verby Republiekwording geneem het. So ook was die Basiese Staatskundige voorwaardes van 1986-1988 'n afgooi van onnodige bagasie, introspeksie en met 'n duidelike begrip van wat die allerbelangrikste en noodsaaklikste, onontbeerlikhede vir 'n suksesvolle Suid Afrika sou wees om die nuwe roete te volg wat ons 25 jaar verby die huidige grondwet sou neem tot by 2017.

Die hoogtepunt van die eerste honderd jaar van die AB was moontlik 31 Mei 1961 met Republiekwording. Ernstige krake in die Afrikaner huishouding was op sy duidelikste in 1977 met broedertwis en skeuring. Dit was weer nodig dat ons 40 jaar in hierdie woestyn, 1977 tot 2017, van uiteenlopende standpunte en heilige meningsverskil oor die trekpad saam by die bitter water van Mara aangekom het en die geleentheid vir heling te ervaar in eie geledere. Die Afrikanerbond neem met groot erns en verantwoordelikheid kennis hiervan, asook die groot getal nie-Afrikaners wat almal by hierdie geselskap aangesluit het.

Trek is 'n helende proses. Anders as migrasie wat net 'n stelselmatige verskuiwing is, vereis 'n trek, heelwat meer moed en dapperheid. Onnodige bagasie moet afgegooi of agtergelaat word. 'n Opname moet gemaak word van wat onontbeerlik, broodnodig en absoluut noodsaaklik om saam te neem. Afskeid van die bekende, dikwels die beminde en die gebaande weë moet geneem word en 'n bereidheid en vasberadenheid om jou los te wikkels uit 'n gemaksonne en veilige hawens 'n vereiste. Dit is soos 'n akkedis wat sy ou vel afgooi, en vlugvoetig en met hernude ywer die toekomst tegemoet te gaan op 'n drafstap.

Is dit moontlik hierdie *trekfiksheid* van die Afrikaner, daardie afgooi van onnodige bagasie en telkens die herontdekking van die afhanklikheid en die onontbeerlike, wat die Afrikaner weer sedert 1994 die mees getransformeerde en moontlik van die mees suksesvolle burgers tans van Suid Afrika maak? Apartheid, rassisme en ideologiese rommel is afgewerp en draf ons vlugvoetig en flink die uitdagings van Suid Afrika tegemoet.

**Is dit moontlik hierdie trekfiksheid van die Afrikaner, daardie afgooi van onnodige bagasie en telkens die herontdekking van die afhanklikheid en die onontbeerlike wat die Afrikaner weer sedert 1994 die mees getransformeerde en moontlik van die mees suksesvolle burgers tans van Suid Afrika maak?**

Ons het daarom die teiken geword van andere wat nie met dieselfde visie, wil en duidelikheid oor 'n suksesvolle toekomst, dieselfde roete wil volg nie. Missiele en kartetse, gelaai met harde plofbare elemente en gifstowwe soms gedoop in gal, van rassisme, beskuldigings van gronddiefstal, kolonialisme, misdadigheid en wit monopolie kapitaal reën op die Afrikaner neer, afgevuur uit ondergrondse bunkers en linies beman deur vreemdelinge of huursoldate wat met vreemde geld en ammunisie ondersteun word en rewolusie predik. Ander weer skiet soos skerpskutters uit hoë en indrukwekkende geboue soos die parlement, terwyl ander weer aanlê uit pleine en kampusse en soms selfs uit eie geledere die snellers trek.

(Vervolg op p3)

## **Woord deur die Voorsitter (verv)**

Slegs in die laaste 30 dae sedert die vorige AB Nuusbrief, is etlike Afrikaners en ander langente weer eens wreedaardig aangeval op plase. Vrouens moes in sommige gevalle tot hul laaste kragte baklei teen moordenaars. Daar was weer hernude beskuldigings van diefstal van grond en verwyte dat Afrikaners net gaste in hierdie land is wat sonder grond hier aangekom het en daarom geen reg tot eiendom het nie.

Die burgermeester van Mangaung, Olly Mlaleli sê tydens haar begrotingsdebat op 1 Junie 2017 “Wittes is verneukers en skelms” en is uitgekryt dat grond gesteel is.

Die oningeligte adjunk President van Agang, Andries Tlouamma, verklaar op 31 Mei 2017 die Guptas is die ANC se Broederbond.

Andile Mngxitama die leier van Black First land First raak op 3 Mei 2017 handgemeen in die parlement tydens 'n openbare verhoor en maak neerhalende aanmerkings oor wittes.

Die leier van die EFF, Julius Malema predik voortdurend grondonteiening/ontnemning sonder vergoeding.

Die leier van die DA kondig op 3 Junie 2017 aan dat Mev. Hellen Zille uit die DA nes geskep word omdat daardie nessie nie plek het vir enige persoon wat dink dat kolonialisme moontlik ook 'n positiewe bydrae gemaak het tot Suid Afrika nie.

Die Nasionale Uitvoerende Raad van die ANC het nie die moed en oortuiging om 'n mosie van wantroue te aanvaar teen die huidige president wat besig is om die land te plunder nie.

Die #Gupta-e-posboodskappe wat verwys na verskeie aspekte wat erge korrupsie en staatskaping blootlê soos ongerymdheid met visums, die president se seun Duduzane se miljoene Rand uitspattige lewe, Transnet lokomotiewe, Eskom se skandale en selfs 'n kuur vir Ebola. Dit laat 'n mens vir 'n oomblik wonder of jy 'n dagblad of fiksie lees.

Die voormalige magtige bevrydingsorganisasie, die ANC en tans die regerende party is, raak 'n jammerlike patetiese organisasie wat nie die land kan bestuur nie, korrupsie bly voed en rassisme bly stook. By gebrek aan leierskap of in die afwesigheid van manmoedige leierskap, raak hul toenemend 'n reuse verleenheid en voorspel leierskap tans uit hierdie party niks goeds vir die toekoms nie. Hulle moet medeverantwoordelikheid neem vir die chaos waarin die land gedompel is.

Dit het nodig geword om ons uit hierdie slik en modderdam te trek. Terwyl Willie Nel van Moolmanshoek in die distrik Ficksburg eendag by sy dam verby ry, sien hy 'n visvanger met 'n vis in sy bek terwyl nog visse en paddas spartel om te oorleef in die modderdam. Kort daarna ry hy op dieselfde plaas, op dieselfde dag verby 'n rietdam met helder water waar lewe gedy, riete die waterlewe beskerm, en die enigste verskil is, dat 'n vars fontein die water voorsien. Hy het die geestelike roeping wat op die Afrikaner rus en die rol wat ons moet speel dadelik gesien. (Uit: Oproep tot jou Rietdam Roeping deur Willie Nel waar hy ook na die Afrikanerbond verwys.)

Die Nasionale Raad het tydens sy vergadering van 18 Mei 2017 by die Eike, en 'n uitgebreide Nasionale Raad op 19 Mei 2017, met kommer en met groot erns kennis geneem van alles wat tans aan die gebeur in ons land en besluite geneem, wat gedurende die komende jaar met elke lid uitgeklaar sal word.

Ons vier vandag, Maandag 5 Junie 2017, die 99 ste verjaardag van die Afrikaner Broederbond. Dit is op die vooraand van die nuwe 100 jaar wat ons as organisasie gaan betree en ek van mening is dat elke lid van die Afrikanerbond sterk menings het oor die pad vorentoe. Indien u my sou vra vir my persoonlike mening en boodskap dan is dit: Opsaal Burgers, ons Trek. Wees Sterk! ❖

---

## **Kripvretende kaders se korrupsie**

**Deur Jan Bosman, Hoofsekretaris van die Afrikanerbond**

Ons word daagliks toegegooi deur die kripvretende kaders se korrupsie wat onthul word. Die blootstellings van die Gupta ryk se e-posse wys hoe diep die tentakels van die kanker in die staatsinstellings is. Een van die onthullings die laaste ruk is die Gupta aandadigheid aan die term “Wit- Monopolie kapitaal” wat in Londen deur 'n groot openbare skakelfirma uitgedink en gedryf is. As dit maar net 'n politieke poetsveldtog was, was dit dalk een saak maar dit het ras demagoë soos die jeugleier van die ANC Collin Maine en die opperste rassis Andile Mngxitama van die Black First Land First (BLF) beweging, al die ruimte gegee en bemagtig om met haatspraak en rassistiese uitsprake hulle eie agendas te bevorder en daardeur self vermoedelik verryk te word.

Mngxitama wat homself beskryf as 'n Pan-Afrikaan en “rewolusionêre sosialis” is klaarblyklik van die individue en instansies wat deur die Gupta dinastie befonds is om die “wit monopolie kapitaal” beweging wat maar net

*(Vervolg op p4)*

# Kripvretende kaders se korrupsie

’n ander woord vir anti-wit te dryf. Die probleem, in ’n minder ontwikkelde land soos Suid-Afrika, is dat dit maklik is om met populistiese uitsprake, maksimum blootstelling en ondersteuning te kry. Dit word later gesien as die alfa en omega en kry die persone aansien wat hulle nie verdien nie. ’n Frankenstein monster wat in Londen geskep en ingeklee is vir die ernstige rasse-probleem waarmee Suid-Afrika worstel, het Suid-Afrika op die Gupta rekening binnegedring en deel van ons daaglikse lewe geword. ’n Diep en emosionele probleem soos ras is deur korrupte kaders misbruik om ander onheilige agendas te bevorder.

Ons neem kopskuddend kennis van elke dag se onthullings. Ons word effe ontsteld oor die bedrae ter sprake. Ons weet as ons in ander wêrelddele gebly het, was die politici en sakemanne alreeds in die tronk. Suid-Afrika het egter ’n land geword waar internasionale norme en standaarde as Westers, kolonialisties is en daarom van geen belang vir ons is nie. Dekoloniasering het die nuwe gonswoord geword wat veral deur swartbewussyn groepe gebruik word en alles van buite Afrika verdag en afstootlik vind, in die meeste gevalle tot nadeel van die kontinent.

**Suid-Afrika het egter ’n land geword waar internasionale norme en standaarde as Westers, kolonialisties is en daarom van geen belang vir ons is nie.**

Die ooglopende korrupsie wat hier toegelaat is om te gebeur en waarvan die Zuma en Gupta families die begunstigdes is, bring nou ook ’n ander perspektief na vore. Die Redakteur van Beeld, mnr Barnard Beukman skryf in sy rubriek. *“Deur die e-posse wat nou die lig sien, word die ANC se slothoofstuk geskryf. Die groot bevryding is as ’n mitologiese bedrogspul onthul.”* Dit is verskriklike woorde en politieke so onkorrek as wat kan kom. Die groot “struggle” die bevryding wat die ANC se fondament is, word nou onder hom uitgeruk. Dit bring ook ander begrippe weer na vore wat die sogenaamde regstelling van die verlede uiters verdag maak. Regstellende aksie, kader ontplooiing, swart ekonomiese bemagtiging en ander was klaarblyklik toe alles die voorlopers van “Wit- Monopolie kapitaal” oftewel staatstrooping deur kaders. Die Engelse verwysing wat onlangs in ’n gesprek na vore gekom het, is waarskynlik meer toepaslik – “Cadre stashing” Dit alles is maar die uitvloeisel van die “struggle.”

Dit het nie alles vandag of gister gebeur nie. Sal ons ooit die woorde van Dullah Omar, toe minister van justisie vergeet toe hy Alan Boesak, wat skuldig bevind is aan bedrog, probeer regverdig het deur te sê Boesak was bloot besig met “struggle bookkeeping”.

Smuts Ngonyame, toe ANC woordvoerder sê in November 2006 dat hy nie by die “struggle” aangeluit het om arm te wees nie. Dit was ter regverdiging en verdediging van sy betrokkenheid by ’n SEB-transaksie van Telkom en waaruit hy na berig word sowat R160 miljoen sou maak.

**“Demokrasie moet deur oop gemeenskappe gebou word wat inligting deel. Wanneer daar inligting is, is daar verligtheid. Wanneer daar debat is, is daar oplossings. Wanneer daar geen magsdeling, oppergesag van die reg of verantwoordbaarheid is nie, is daar misbruik, korrupsie, onderdrukking en onvergenoegdheid.”**

*inligting deel. Wanneer daar inligting is, is daar verligtheid. Wanneer daar debat is, is daar oplossings. Wanneer daar geen magsdeling, oppergesag van die reg of verantwoordbaarheid is nie, is daar misbruik, korrupsie, onderdrukking en onvergenoegdheid.”*

Dit alles was egter kleingeld met die bedrae wat nou ter sprake is. Wat egter meer verontrustend is, is dat die staatsbestel ooglopend gekaap is, sodat elke moontlike sent wat geplunder kan word in enkele sakke beland. Dan word die lot van armes by politieke geleenthede hoogheilig op die voorgrond gestel en word daar wondere verrig met begrippe en grondwetlike waardes wat dan besing word. Deur staatskaping en medepligtigheid, word dieselfde grondwet egter terselfdertyd vertrap en bespotlik gemaak.

Die Menseregte aktivis Rhoda Kadalie kry die laaste woord in met ’n onlangse rubriek: *“Dit is hoe ons van ’n kleptokratiese staat tot ’n misdaadstaat van epiese omvang ontwikkel het. Ek is bevrees dít is die trajek van Afrikastate ná onafhanklikheid. Pres. Atifete Jahjaga van Kosowo het kragtig gesê: “Demokrasie moet deur oop gemeenskappe gebou word wat*

Die kernwoord is die gebrek aan verantwoordbaarheid. Moet die regte wat so mildelik opgeëis word, nie veel eerder ondervang word met verantwoordelijkheid aan aanspreeklikheid nie. In die Suid-Afrika van 2017 is dit waarskynlik te veel gevra. Ons kan maar net hoop dat ’n Korrupsie Waarheidskommissie onder ’n nuwe regering en ’n nuwe president alles sal oopvlek en dat almal wat gebaat het by staatskaping dan aan die man sal ry. Die wiel draai stadig. ❖

# Die krag van Vryheid

**Dr Danie Langner, Hoofleier van die Voortrekkers het op Donderdag 18 Mei 2017 tydens 'n vergadering van die Nasionale Raad sy visie oor die Voortrekkers kom deel. Die Voortrekkers se standpunte is opgeneem in 'n dokument #VoortrekkersKAN! Die dokument word die tydens die Voortrekkers se komende kongres bespreek. Met vergunning van dr Langner plaas ons 'n gedeelte wat handel oor "Die mag van vernedering en die krag van vryheid."**

**'n Lewende historiese bewussyn stel 'n kultuurgemeenskap in staat om die kulturele kapitaal van die verlede op so 'n wyse te ontsluit dat hulle, selfs te midde van 'n veelvoud krisisse, steeds positief, skeppend en opbouend kan leef en werk.**

NP van Wyk Louw skryf in *Liberale Nasionalisme* dat die woordjie *krisis* dikwels oppervlakkig gebruik word om "'n moeilike of selfs gevaarlike tydperk" aan te dui. 'n Krisis is vir Van Wyk Louw nie 'n laagtepunt nie, maar 'n "hoogtepunt" wat verband hou met die idee van 'n skeidingsomblik en 'n beslissingspunt. "Nie 'n hoë punt van ontsteltenis of inspanning nie, maar 'n hoogtepunt van waar die uitslag in een van twee teenoorgestelde rigtings in onherstelbare finaliteit kan afloop."

Die omvang van die historiese geheueverlies onder Afrikaners het die toekoms van Afrikaans en Afrikanerkultuur by so 'n beslissingspunt gebring.

Die Nederlandse teoloog, Herman Bavinck, het in die dertigerjare opgemerk dat in krisistye is Afrikaners se geskiedenis vir hulle reëel. Hulle put daaruit krag vir die stryd en hoop vir die toekoms. 'n Lewende historiese bewussyn stel 'n kultuurgemeenskap in staat om die kulturele kapitaal van die verlede op so 'n wyse te ontsluit dat hulle, selfs te midde van 'n veelvoud krisisse, steeds positief, skeppend en opbouend kan leef en werk.

Is dit vandag nog so? Die omvang van ons historiese geheueverlies herinner eerder aan JD Kestell se waarneming oor die gevolge van Britse imperialisme as aan Bavinck se opmerking. Kestell skryf in 1926 dat Afrikanerkinders die name en datums van al die Britse konings en koninginne op die punte van hul vingers ken, maar geen benul het wie Pieter Retief, Gert Maritz of Andries Pretorius is nie. Dieselfde kan van vandag se Afrikaners gesê word. Om die rede beleef Afrikaners nie net 'n gebrek aan kulturele selfvertroue nie, maar word hul kulturele selfverstaan dikwels vanuit 'n eksterne *locus standi* gedefinieer. So sal sommige Afrikaners beskryf word as kolonialiste van 'n spesiale soort, of as 'n wit stam van Afrika. Dit sê nog nie wie ons as Afrikaners is nie en hoe ons onself definieer nie. Waaraan is die historiese geheueverlies te wyte?

Eensyds aan die ANC se propagandamasjien wat verstommend suksesvol daarin geslaag het om Afrikaners se historiese bewussyn te reduceer tot apartheid en Suid-Afrikaanse geskiedenis te herinterpreteer vanuit slawerny en kolonialisme. Hermann Giliomee skryf in sy outobiografie dat die ANC met hul "*Jakobyne benadering*" nie net een dominante taal en een kultuur op gemeenskappe afdwing nie, maar veral "*een interpretasie van die geskiedenis op skoolleerplanne afdruk*". Die Jakobynse benadering staan lynreg teenoor die gemeenskapsbenadering wat 'n verskeidenheid van tale, kulture en historiese interpretasies as 'n nasionale bate beskou.

Andersyds het ons ook skuld aan die historiese geheueverlies. Geskiedenis word dikwels op so 'n droë en feitlike wyse aangebied, sonder dat ons kinders begelei word om die krag van die storie agter die storie te ontdek en verbande tussen gister en vandag te lê. Geen wonder baie kinders dink geskiedenis is 'n dooie en nuttelose vak nie.

Van Wyk Louw vra wat moet 'n kultuurmens in 'n krisis doen?

Sy antwoord is eenvoudig: "*Hy moet kultuurmens bly. Hy moet sy soort werk met nog groter toewyding en nog groter hartstog doen.*"

In 'n krisis, skryf Van Wyk Louw, het die kultuurmens 'n "*vreemde taak*". "*Hy moet in die krisis wees, maar nie van die krisis nie. Hy is nie die man wat blind saamspoel met die stroom van gebeurtenisse nie, maar effens afsydig die stroom bestudeer en peil en miskien help beheer. Wat vir die onnadenkende mens die volle lewe is, verward, donker, gespanne, is dit vir die kultuurmens die grondstowwe waarmee hy moet werk om in die verwarring orde te bring en in daardie donkerte lig te laat straal.*"

(Vervolg op p6)

## Die krag van Vryheid (verv)

As kultuurmense vryf Voortrekkers nie op 'n nasionalistiese wyse Afrikanergeskiedenis blink en plaas dit op 'n volksromantiese troontjie nie.

Ons verstaan ook nie die geskiedenis as 'n klassestryd tussen ryk en arm, waar rykes arm slagoffers se geleenthede en grond steel nie.

### **Geskiedenis is die verhaal van diverse kultuurgemeenskappe wat deur die eeue na lewensruimte vir hulle en hul kinders soek.**

Nog minder trap ons in die slagkat van soveel linkse historici en joernaliste wat Suid-Afrikaanse geskiedenis vervlak tot rassekonflik waarin witmense met 'n rassemeerderwaardigheid swartmense wil onderdruk en oorheers.

Soos Giliomee beskou ons geskiedenis as "die stryd tussen gemeenskappe, elkeen met 'n eie geskiedenis en waardestelsel, wat nie soseer ander gemeenskappe wou oorheers nie maar 'n belangrike mate van selfbeskikking oor wesenlike sake, soos onderwys, wil hê." Geskiedenis

is die verhaal van diverse kultuurgemeenskappe wat deur die eeue na lewensruimte vir hulle en hul kinders soek.

Met die sleutel tot geskiedskrywing in die hand wys Giliomee op die impak van "nasionale" of "kulturele vernedering". Christoffel Brand, 'n Kaapse Afrikaner vertel hoe die Britse veroweraars na 1806 alles moontlik gedoen het om hul kulturele meerderwaardigheid te beklemtoon deur die Hollanders goed te laat verstaan hulle is maar net "the Dutch". Giliomee verwys ook na Olive Schreiner se kommentaar op die Groot Trek: "Wat die koloniste se harte die meeste verbitter het, was die koue onverskilligheid waarmee hulle behandel is en die bewustheid dat hulle as 'n onderworpe en minderwaardige ras beskou is. Die verbittering het so intens geraak dat groot getalle individue omstreeks 1836 besluit het om die kolonie vir altyd te verlaat."

Dink maar aan die ontsaglike vernedering van die Anglo-Boereoorlog, Milnerisme en die armblankevraagstuk. In die FAK se bekroonde film, *Doodkry is min*, wys Jamie Uys die toneel van 'n seuntjie wat as straf met donkie-ore in die hoek van die klas moet staan. Die rede? Hy het Afrikaans gepraat. Ook Uys vertolk Afrikaners se uitdaging as *vernedering*, *verarming* en *verengelsing*.

Kulturele vernedering lei maklik by diegene aan die ontvangkant daarvan tot 'n kollektiewe patologie van minderwaardigheid. Vernedering kan selfs lei tot hensoppers, hanskakies en volstruispolitiek, maar dit lei nooit tot kulturele selfmoord nie. Die geskiedenis wys in bykans alle gevalle hoe kulturele vernedering eerder gelei het tot 'n nuwe en hegte saambind van kultuurgemeenskappe, tot versterking van bestaande en die skep van nuwe gemeenskapsinstellings, tot 'n nuwe vryheidstryd.

Geskiedenis word geskryf deur die dinamiese spanning tussen die *mag van vernedering* en die *krag van vryheid*.

- Lank voor die EFF, het die Vryburgers met ekonomiese vryheid as dryfkrag, teen die VOC se vernederende prysbeheer en korrupsie opgestaan en private eiendomsbesit as 'n reg gevestig. Later jare het Afrikaners die Britse ekonomiese meerderwaardigheid getroef met Volkskas, Sanlam, Santam, die Rembrandt-groep, Federale Volksbeleggings, SASOL, YSKOR en vele ander nywerhede.
- Met godsdienstvryheid as dryfkrag het die Hugenote van die vernederende godsdienstvervolging uit Frankryk gevlug en ruimte vir alle geloofsoortuigings in Suid-Afrika gevestig.
- Afrikaans is deur Engelse snobs afgemaak as 'n minderwaardige huis-, tuin- en kombuistaal. Met taalvryheid as dryfkrag om in Afrikaans te mag lees, praat en sing, het 'n Afrikaanse Bybel, 'n Afrikaanse radiostasie, Afrikaanse koerante, 'n Afrikaanse liedereskat in 'n FAK-Sangbundel, 'n magdom van Afrikaanse tydskrifte, gedigte en boeke gevloei. In die woorde van wyle prof. Elize Botha, "tot heil van miljoene".
- Na die vernedering aan die oosgrens het die Voortrekkers met politieke vryheid as dryfkrag by Thaba 'Nchu demokrasie in Afrika gevestig, republieke gestig, grondwette geskryf en met vele politieke partye en belangegroep demokrasie oor dekades uitgebou,
- Afrikaners het die vernedering van armoede met die Helpmekaarfonds, Reddingsdaadbond en vele

**Die geskiedenis wys in bykans alle gevalle hoe kulturele vernedering eerder gelei het tot 'n nuwe en hegte saambind van kultuurgemeenskappe, tot versterking van bestaande en die skep van nuwe gemeenskapsinstellings, tot 'n nuwe vryheidstryd.**

(Vervolg op p7)

## Die krag van Vryheid (verv)

ander maatskaplike instellings twee keer in een eeu oorwin.

- Met denkvryheid as dryfkrag-het Afrikaners in vyf dekades wêreldgehalte Afrikaanse skole, universiteite en tersiêre kolleges gestig, en Afrikaans tot 'n volwaardige wêreldgehalte akademiese taal uitgebou. Vryheid is 'n kultuurgemeenskap se antwoord op vernedering. Die stelling sou selfs gewaag kon word dat sonder vernedering is 'n vryheidstryd nie moontlik nie. Die strewe na vryheid is kultuurmense se polsslag.

Juis daarom moet ons ag slaan op die waarskuwing van Van Wyk Louw dat die historikus nie in 'n krisis net sal fokus op dit wat "troos of aanmoedig" nie, maar ook sal praat oor die "tragiese en tekortkominge" van 'n volk.

Dit is 'n historiese tragedie dat Afrikaners nie net verneder is nie, maar ook medelandgenote deur middel van apartheid verneder het. Dit het aanleiding gegee tot 'n vryheidstryd, 'n struggle, waarvoor taal en kultuur vandag 'n baie duur prys betaal.

Afrikaners mag nie blind wees vir die vernedering van miljoene medelandgenote wat 'n sukkelbestaan in armoede voer nie. As kultuurmense moet ons ook die omvang en diepte van hierdie krisis peil en oor hierdie vraagstuk, dalk die grootste van ons land, leiding gee.

Laat ons nie doekies omdraai nie. Afrikaners en Afrikaans staan vandag in vele opsigte weer eens aan die ontvangkant van kulturele vernedering.

Om aan die ontvangkant van kulturele vernedering te staan, is sleg, maar nie net negatief nie. Die geskiedenis wys vernedering bring elke keer nuwe vryheidshorisonne vir gemeenskappe. Afrikaners is nie slagoffers nie, maar bouers. Hoe groter die vernedering, hoe harder bou ons. Bouers wat met elke Afrikaanse boek, film, lied, koerant, organisasie, skool en daad nuwe geskiedenis skryf. NP van Wyk Louw sê met reg: "Moenie die kritiekheid van 'n krisis oorskakel nie, probeer eerder die woord 'daad' se diep betekenis verstaan." ❖

---

## Nasionale dialoog - soeke na konsensus

Deur Jan Bosman, Hoofsekretaris van die Afrikanerbond

Op Vrydag 5 Mei 2017 is 'n Nasionale Dialoog gehou deur 'n aantal nasionale Stigtings van voormalige leiers van ons land, waaronder die stigtings van FW de Klerk, Jakes Gerwel, Thabo Mbeki, Phumzile Mlambo-Ngcuka, hoofman Albert Luthuli, Desmond en Leah Tutu, Helen Suzman en Robert Sobukwe.

***"Ons is van mening dat die uitdagings wat ons nou in die gesig staar, insluit politieke oorsig en leierskap, die toestand van die ekonomie en die feit dat dit nie in die behoeftes van die bevolking kan voorsien nie, die morele verval in ons gemeenskappe, en sosiale kohesie (of die gebrek daaraan)."***

Vanuit 'n artikel deur dr Theuns Eloff oor die Nasionale Dialoog die volgende: "Daar is tussen "die Stigtings 'n diep gedeelde bekommernis oor die toestand van ons land en ons jong demokrasie. Ons is van mening dat die uitdagings wat ons nou in die gesig staar, insluit politieke oorsig en leierskap, die toestand van die ekonomie en die feit dat dit nie in die behoeftes van die bevolking kan voorsien nie, die morele verval in ons gemeenskappe, en sosiale kohesie (of die gebrek daaraan). Saam vorm hierdie sake 'n nasionale krisis, wat dringend aangespreek moet word. Daarom het 'n konsensus ontwikkel dat 'n nuwe nasionale dialoog vir Suid-Afrika noodsaaklik is. Hierdie dialoog sal onder die kollektiewe naam "Nasionale Stigtings Dialoog Inisiatief" (NSDI) geloods word. Die NSDI gaan poog om alle Suid-Afrikaners op verskillende vlakke byeen te bring om doelgerig en rasoneel oor die toestand in die land te praat

en hoe hulle kan bydra om (weer) 'n nuwe Suid-Afrika te ontwikkel. Die proses sal die waarheid bevestig dat ons toekoms in ons eie hande is en sal soos 'n reeks bosberade (imbizos) op verskillende vlakke funksioneer. Die NSDI is oplossingsgerig, maar is nie self die oplossing nie. Dit werk na 'n doel toe, maar is nie doel (Vervolg op p8)

## **Nasionale dialoog - soeke na konsensus (verv)**

*nie, maar slegs die meganisme om daar uit te kom. Die skep 'n geleentheid vir mense om hulle menings openlik te gee, en hulle harte uit te praat. Die NSDI gaan in die finale instansie oor ons Grondwet en ons demokrasie, as die uitgangspunte vir die samelewing waarin ons wil lewe. Dis 'n betekenisvolle inisiatief van die burgerlike samelewing, sonder om ander rolspelers uit te sluit."*

Met bogenoemde in gedagte was dit vir die Afrikanerbond geweldig belangrik om die geleentheid by te woon en deel te neem aan die gesprekke. Die voorsitter Br Jaco Schoeman en hoofsekretaris, Br Jan Bosman het die gesprek bygewoon. Verskeie individue en organisasies regoor die politieke spektrum was teenwoordig by die nasionale dialoog. Met die aantal organisasies en individue wat teenwoordig was by die gesprek is dit natuurlik so dat verskillende belange swaarder weeg as ander en was die fokus van sommige van die kwessies soms anders en soms meer direk gestel, maar die feit van die saak is dat verskeie mense vanuit die breë Suid-Afrikaanse gemeenskap die geleentheid gehad het om sake opnuut ter tafel te plaas.

Die vertrekpunt is die Suid-Afrikaanse grondwet. Ons moet mekaar binne die grondwet vind en ons moet net soos in 1994 in die letter en die gees van die onderhandelinge weer soek na die gemeenskaplikhede wat ons saambind. Te veel energie word spandeer aan die soeke na verskille om verdeeldheid aan te moedig. Dit is 'n resep vir konflik: Vuvani, Coligny, Richardsbaai, Ennerdale en ons Suid-Afrikaanse kampusse is die regstreekse gevolge hiervan.

Die stem van radikale minderhede bepaal die agenda terwyl die meerderheid gematigde en redelike Suid-Afrikaners dialoog wil voer en mekaar wil vind binne die volgende raamwerk:

- Erkenning aan die Suid-Afrikaanse grondwet binne die perke wat 'n regstaat stel;
- Lojale is aan Suid-Afrika en daarom wil sien dat Suid-Afrika suksesvol geregeer word;
- Dat daar konstruktief deelgeneem word aan gesprekke en dialoog maar dat daar struktuur gegee moet word aan verdere gesprekke ten einde ook positiewe uitkomst te verseker;
- Dat ons as verskillende groeperinge/minderhede die breë diversiteit van Suid-Afrika verteenwoordig en bepaalde eibelange bevorder maar dat ons wil meewerk aan sake van nasionale belang.
- Met die volle wete dat dit nie met een dag se gesprek opgelos sal word nie.
- Dat Suid-Afrika 'n land is met diverse mense en gemeenskappe en dat die diversiteit erken en gespekter moet word.
- Dat ons ten volle bewus is van die probleme en uitdagings van vandag en wil meewerk aan die soeke na oplossings. Dit gaan egter nie help om die verlede te blameer of 'n beter verlede te probeer regverdig of verdedig nie.

Vanuit die gesprekke en besprekinge is dit duidelik dat volgende kwessies pertinente aandag sal kry naamlik, onderwys, grondbesit, ekonomiese groei en ontwikkeling, kiesstelsels, diversiteit, armoede en vele meer.

Die Afrikanerbond het as Afrikaner-belange organisasie deelgeneem aan die dialoog ten einde ook saam met ander insette te lewer en deel te neem aan die soeke na oplossings. Die Afrikanerbond se visie is "As Afrikaners bou ons saam aan die toekoms van Suid-Afrika." Daar is geen manier wat ons 'n visie oor 'n toekoms kan hê as ons nie deelneem aan gesprekke en saam beplan aan die toekoms nie. Daar kan geen waarborg of versekering wees dat die gesprek van 5 Mei enige sukses sal hê nie. Intendeel dit mag die begin van 'n lang proses wees. Die probleme van Suid-Afrika is egter te kompleks om dit net in die hande van 'n onbekwame en onbevoegde regering te laat.

**Die Afrikanerbond het as Afrikaner-belange organisasie deelgeneem aan die dialoog ten einde ook saam met ander insette te lewer en deel te neem aan die soeke na oplossings.**

Die redakteur van Beeld, Barnard Beukman wat die gesprek bygewoon het skryf die volgende dag in Beeld: "Die verskeidenheid van rolspelers oor die Suid-Afrikaanse spektrum heen was indrukwekkend. Daar was 'n bemoedigende gemeenskaplike taal oor die huidige politieke krisis, korrupsie, die noodsaak van die oppersgesag van die reg en raspolitiek. Daar gaan gewis nie oor alles konsensus wees nie. Maar ten minste het

*(Vervolg op p9)*



# **Nasionale dialoog - soeke na konsensus (verv)**

die groot skrik oor staatskaping baie rolspelers laat besef sekere dinge moet nou uitgepraat word. En as dit die basis van 'n aksieplan vorm, sal die NFDI beslis 'n historiese inisiatief wees."

In die groepsbespreking waaraan die voorsitter en die hoofsekretaris deelgeneem het was daar gematigde en versoenende gesprekke. Wys uiteenlopende temas soos onderwys, jeug ontwikkeling wat vaardigheidsontwikkeling insluit, bemagtiging van vroue, konsitusionalisme, verkiesingsstelsels voedsel en water sekuriteit en armoede verligting is aanvanklik ter tafel geplaas. Ons het wel kwessies soos 'n inklusiewe ekonomie gebaseer op vryemarkbeginsels verder bevorder. Produktiewe grondbesit is deur deelnemers aan die gesprek verder uitgelig. Vir ons van belang was die kwessies rondom eenheid en diversiteit en die bevordering en erkenning daarvan en erkenning van tale, kultuur en in die diversiteit is deur verdere besprekinge uitgelig.

**Vir ons van belang was die kwessies rondom eenheid en diversiteit en die bevordering en erkenning daarvan en erkenning van tale, kultuur en in die diversiteit is deur verdere besprekinge uitgelig.**

Om mnr FW De Klerk na 'n onderhoud op RSG aan te haal oor sy hoop vir die land na afloop van die dialoog: "Bekommerd oor die land maar nie moedeloos nie" Om in sak en as te sit en om slegs deur negatief en vrees oorheers te wees is nie die antwoord nie. Dit was 'n voorreg om in die geselskap van mnr Flip Buys van Solidariteit, Kallie Kriel van AfriForum, Paul Colditz van FEDSAS en Conrad Steenkamp van die Afrikaanse Taalraad tydens koffiebreek en etenstyd ons belewenisse en ervarings, goed en sleg te deel. ❖

---

## **Kom ons wees deurdag in optrede en uitsprake**

**Jan Bosman, Hoofsekretaris van die Afrikanerbond**

Die Nasionale Raad van die Afrikanerbond verwerp enige kwetsende neerhalende opmerkings en gedrag deur Afrikaners asook opmerkings en gedrag teenoor Afrikaners. Dit was 'n besluit wat die Nasionale Raad van die Afrikanerbond, verlede jaar geneem het.

Die laaste ruk het 'n aantal voorvalle uitgelig waarin Afrikaners hulleself, of na bewering of deur bewys, skuldig maak aan onaanvaarbare en onmenslike optrede, in sommige gevalle rassisties en soos by universiteite uitgewys, ook soms kru seksisties.

Hierdie gedrag reflekteer ongelukkig nie net op die individue nie, maar veral op die identiteit waarmee hulle assosieer, naamlik Afrikaners.

Ons het almal ons frustrasies met huidige gebeure in die land. In sommige gevalle is optrede teenoor ons uitlokkend en uittartend. Sommige van die frustrasie skakel om in woede. Die kanalisering van woede en frustrasie bring ongelukkig in sommige gevalle die slegste in mense se karakter en gedrag na vore. Waar dit in 'n ander tydgleuf of selfs in 'n ander land as blote misdadige optrede gesien word, is Afrikaners onder die vergrootglas en word dit ten regte of ten onregte as rassisme gesien.

**Die kanalisering van woede en frustrasie bring ongelukkig in sommige gevalle die slegste in mense se karakter en gedrag na vore.**

As organisasie en as lede van die Afrikaner gemeenskap waarmee ons graag geassosieer wil word, kan ons onself nie assosieer met optrede wat menswaardigheid skaad of selfs misdadig is nie. Trouens ons is van oordeel dat die meerderheid Afrikaners hierdie tipe van gedrag as afstootlik beskou en dit verwerp.

Ons ervaring is dat die meerderheid van Afrikaners in hulle onderskeie gemeenskappe wel skouer aan die wiel sit en help besin aan oplossings. Ons ervaring is dat die meeste Afrikaners met oorgawe en entoesiasme lojaal is aan Suid-Afrika en met respek en empatie omgaan met mede-Suid-Afrikaners, man en vrou, Wit, Bruin en Swart.

As Afrikaners weet ons dat onlosmaaklik verbind is aan elke Suid-Afrikaner met 'n gemeenskaplike en gedeelde lotsbestemming. Rassistiese en of misdadige optredes moet onvoorwaardelik verwerp word en moet geregtigheid geskied.

*(Vervolg op p10)*

## **Kom ons wees deurdag in optrede en uitsprake (verv)**

Afrikaners wat hulleself nog steeds as meerderwaardig ag, as gevolg van sy/haar velkleur, moet beseft dat tye verander het. Ons weet die meerderheid van Afrikaners verag sulke gevalle in eie geleedere en distansieer hulle daarvan.

Ons kan nie die regering en die regerende party daarvan beskuldig dat hulle voortdurend die rassekaart speel as sommige Afrikaners wel rassisties in optrede of uitsprake is nie. Dit is egter nou tyd dat ons ook openlik sulke mense moet begin aanspreek want die goeie werk wat deur 'n verskeidenheid van individue en organisasies gedoen word, word ongedaan gemaak deur enkele individue met onbesonne en onverantwoordelike optredes.

**Ons kan nie die regering en die regerende party daarvan beskuldig dat hulle voortdurend die rassekaart speel as sommige Afrikaners wel rassisties in optrede of uitsprake is nie.**

CJ Langenhoven het gesê: *“Skat jou bekwaamheid te min om mee te spog en jou karakter te hoog om mee te speel. Op dié manier sal jy jou selfrespek bewaar en die respek van jou ewemens verseker.”* Dit verg van elkeen van ons net nog meer deurdagte optrede en veral moet ons twee of selfs drie keer dink voordat ons iets sê of op sosiale media kwytraak.

Die mens is geneig om soms impulsief te wees, maar soms net soms is die kool die sous nie werd nadat iets gesê of gedoen is nie. Die huidige tydsgewrig beoordeel Afrikaners anders, veel strenger en baie subjektief. Daarom moet ons optrede onkreukbaar wees. ❖

---

## **Brokkies en geleenthede**

### **Die AB woel met rolspelers en aksies**

**Deur Jaco Schoeman, Voorsitter van die Nasionale Raad**

Die laaste ruk was 'n bedrywige tyd, maar moes ons aandag gee aan 'n hele aantal kwessies wat oor ons pad gekom het. Van groot belang is die behoefte aan nouer samewerking en skakeling met rolspelers op verskeie terreine en dit was dan ook die fokus van die laaste ruk.



Alhoewel die Ad Hoc Groep vir die Beskerming van Eiendomsregte nog nie weer 'n ontmoeting gehad het sedert Februarie 2017 nie het die Afrikanerbond, as die sameroeper en sekretariaat van hierdie komitee, wel dringende sake opgevolg. Verskeie stukke wetgewing is die laaste ruk gepubliseer en die impak gaan besondere implikasies vir almal inhou. Veral die beginsel rondom eiendomsreg word aangetas in die konsepwetgewing oor die Regulering van Landbougrond. Ons moes van die Afrikanerbond se kant af verseker dat alle rolspelers en lede van die Ad Hoc Groep wel deeglik kennis neem van die konsepwetgewing. Die Afrikanerbond, saam met ander organisasies het ook dadelik uitstel versoek vir die datum vir indiening van kommentaar. Die uitstel, soos versoek, is wel deur die minister verleen. Verskeie kommentare van verskillende organisasies is gekommunikeer en weet ons van ons Afdelings het ook die wetgewing versoek om

te bespreek en moontlik kommentaar te lewer. Ons kan uiters sinvolle kommentaar van ons lede veral Br Johann van der Walt, van Pretoria verwerk en deurstuur. Dit bly altyd 'n voorreg om knap en goed geformuleerde insigte van ons lede te ontvang.

Die veiligheidsbeen van die Ad Hoc Groep is ook besonder bedrywig en is inligting en standpunte onderling versprei. Daar is uiteraard algemene kommer oor die veiligheidsituasie in Suid-Afrika en gebeurlikheidsplane en moontlike aksies word met kundiges bespreek. Die Ad Hoc komitee is tans besig om sy netwerk in die verband te verbreed, kontak te hou en geskikte persone te identifiseer wat ons behulpsaam kan wees met inligting, aksies en behoeftes. Dit is veral belangrik dat ons waar moontlik probeer om aksies te koördineer en so ver moontlik poog om duplisering te probeer uitkakel maar terselfdertyd nie inisiatiewe te demp nie en liever te koördineer en te fasiliteer.

AfriForum het op Saterdag 6 Mei 2017 'n Veiligheidsberaad aangebied by die Heartfelt Arena in Pretoria. Die Afrikanerbond het positief reageer op 'n uitnodiging om die beraad as gaste by te woon. Hierdie was 'n uit-  
(Vervolg op p11)

## **Die AB woel met rolspelers en aksies (verv)**

stekende beplande geleentheid, reëlings was vlot en het ons heelwat lede van die Afrikanerbond raakge-loop.

Die sprekers vir die dag was Flip Buys, inleidend, Dr. Johan Burger – Misdaad in SA. Neigings en risikofak-tore. Conway Evertson- Sinergie tussen gemeenskappe en die Regering in die geveg teen misdaad.. Yusuf Abramjee – die rol van burgerlike samele-wing teen misdaad. Prof. Rudolph Zinn –die waarde van mededeling van misdaadinligting en samewerking deur gemeenskapsveiligheidsnetwerke, Musiuoa Lekota – misdaad in landelike gemeenskappe. Solly Msimanga - rol van gemeenskappe in die Stratgie vir veiliger stede. Ben Freeth – Zimbabwe. Wat gebeur as ons niks doen nie. Roland de Vries – die inligtingsvenster en Ian Cameron – inleiding tot projek Nehemia,



’n Video insetsel oor trauma berading, ontlonting asook die manier waarop slagoffers van plaasaanvalle gehelp word en ondersteun word en ook voorberei word vir hofsake, was aangrypend. Op die praktiese manier word mense leiding gegee hoe om die trauma te hanteer en dan ook weer die inskake-ling van slagoffers by die gemeenskap. Hierdie is ’n baie besonderse projek en behoort ondersteun te word.

Die dagbestuur van die Afrikanerbond het onlangs ’n positiewe gesprek met AgriSA gevoer. Die gesprek wat op ons versoek plaasgevind het, het plaasgevind by die kantore van AgriSA in Centurion. Die Afrikanerbond is verteenwoordig deur Brs Jaco Schoeman, Meyer de Jager en Jan Bosman. AgriSA is verteenwoordig deur Johannes Moller, Dan Kriek, Henk van Wyk en Omri van Zyl.

Grond, herverdeling van grond, wetgewing oor landbou veral met verwysing tot die mees onlangse wetge-wing oor Regulering van Landbougrondbesit en ander sake oor die grondkweesie is deeglik bespreek. Lan-delike veiligheid, sowel as ’n insiggewende voorlegging oor die veelvlakkige rol wat AgriSA speel is deur Ag-riSA voorgehou.

Die gesprek is in ’n besonderse goeie gees gevoer en is ons opnuut bewus van die vele uitdagings waar-mee landbou op so baie terreine worstel. Die verbintenis is daar dat die gesprekke gereeld moet plaasvind omdat verskillende belange op verskillende plekke hanteer en verteenwoordig moet word.

Elders in die nuusbrief is die omvattende terugvoer oor die bywoning van die nasionale Stigtings se onlang-se beraad. Hierdie inisiatief vanuit die burgerlike samelewing was ’n demonstrasie van die wil om aktief op te staan en stem dik te maak teen dit wat alles verkeerd gaan in die land van ons. Die Nasionale Raad het met sy onlangse vergadering twee weke gelede die beraad en die uitkomste bespreek. Ons is terdeë bewus van die inisiatiewe vanuit die burgerlike samelewing Die Nasionale Dialoog deur die Stigtings en die Freedom Movement deur politieke partye. Ons is bewus dat hierdie inisiatief die eerste is van baie sulke gesprekke en ons moedig deelname aan.

Ons moet deelneem aan die inisiatiewe en gesprekke want ons verteenwoordig ’n Afrikanerbelang en dit is belangrik dat die stem gehoor word. Die Afrikanerbond se standpunt is altyd dat die deur vir skakeling en dialoog oopgehou moet word. ❖

---

## **Herdenkingsdiens - Muur van herinnering**

Croesus (595 – 547 BC) *"In tye van vrede begrawe seuns hulle vaders, maar in tye van oorlog begrawe va-ders hulle seuns."*

Op Sondag 28 Mei 2011 is die jaarlikse herdenkingsdiens by die Muur van Herinnering, wat by die Voor-trekkermonument opgerig is, gehou. Die Muur van Herinnering is opgerig om erkenning te gee aan lede van die Suid-Afrikaanse Weermag wat van 31 Mei 1961 tot 27 April 1994 hul lewens in diens van die land gegee het, en is op 25 Oktober 2009 ingewy.

Daar was tot dusver 2 489 name op die Muur van Herinnering. ’n Verdere 27 name is onlangs bygevoeg van SAW-lede wat gedurende die tydperk 1961-1994 onder kwalifiserende omstandighede gesterf het.

*(Vervolg op p12)*

## **Herdenkingsdiens - Muur van herinnering (verv)**

Die voormalige hoof uitvoerende beampte van die Voortrekkermonument, Generaal-majoor Gert Opperman, was die dryfkrag agter die oprigting van die muur nadat hy vergeefse pogings aangewend het om die bestuur van Freedom Park te oorneem om die name van die voormalige Weermagdelede op 'n gemeenskaplike muur aan te bring. Ten spyte van die feit dat Freedom Park nie die lede van die voormalige veiligheidsmagte wou erken nie, is die jaarlikse herdenkingsdiens by die Muur van Herinnering een van absolute waardigheid en met geen politieke agenda nie.

Die besondere Herdenkingsdiens van die (RMVO) by die Muur van Herinnering is een van waardigheid, dissipline, trots en ook erkenning. Baie naasbestaandes, oud bevelvoerders van die SANW, verskeie militêre attachés, leiers en lede van politieke partye, verteenwoordigers van oud-eenhede sowel as van Freedom Park en organisasies, kry na 'n kort en waardige diens die geleentheid om kranse ter ere van die SAW afgestorwenes by die muur te plaas. Die hoofsekretaris, Jan Bosman, het namens die Afrikanerbond 'n kranse gelê by die herdenkingsdiens.

Die onderstaande gedig is in die program van die herdenkingsdiens opgeneem.

*O Jong Soldaat!*

*O, jong soldaat van Suid-Afrika!  
Jy wat so baie gee en so min vra –  
Jy wat onselfsugtig jou jeug verpand  
In ruil vir vrede in ons land.*

*Jy wat in die donker nag  
En in die hitte van die dag –  
Gevaar trotseer vir my en my kind,  
Mag jy Gods vrede vind!*

*Sonder jou kan ons vergeet  
Om ons geluk in mate te meet .  
Sonder jou kan ons nie voortbestaan  
O, jongman wat so ver moes gaan.*

*Wanneer jy terugkeer na jou huis,  
Mag daar nog jonkheid in jou bruis.  
Mag geluk jou deur die lewe dra  
In ons mooi land Suid-Afrika!!*

*En jy, soldaat wat jou lewe prys moes gee  
Vir ons geluk, voorspoed en vree.  
Ons sal jou met trots onthou!  
Mag God jou veilig in sy arms hou.  
Anoniem ❖*

---

## **Die Afrikanerbond - Amper 'n eeu oud**

Op 5 Junie 1918 is die Afrikaner Broederbond gestig. Dit is vandag 99-jaar later. Langs die weg ons gelukwense aan elke AB lid en erkenning aan lede wat in die tyd soveel vermag het, maar vandag nie meer met ons is nie.

Volgende jaar is dit die eeufeesjaar. Ons sal later meer besonderhede voorsien van al die aktiwiteite wat beplan word. Afdelings en gebiede kan solank ook begin met beplanning vir plaaslike geleenthede. Graag wil ons lede en afdelings aanmoedig om solank staaltjies, foto's en herinneringe met ons te deel. 'n Spesifieke e-pos adres vir die doel sal ook later voorsien word. In die tussentyd kan sulke inligting gestuur word na ons kantoor na die volgende e-pos kommentaar@abond.co.za ❖



---

***Kontakbesonderhede vir die Afrikanerbond***  
*hoofkantoor@abond.co.za*  
*www.afrikanerbond.co.za*

***Privaatsak X45, Aucklandpark, 2006***  
***Tel: (011) 782-8569 of (011) 782-8627***  
***Faks: (011) 782-1190***